SAKE 24 (Beeld)
Friday, 13 November 2009, p. 9

'n Lugfoto van een van die superluukse bosvillas by die Thanda- private wildreservaat in die noorde van KwaZulu-Natal.

Thanda-reservaat wen nog 'n wêreldprys

Die Thanda- private wildreservaat in die noorde van KwaZulu-Natal is op die onlangse 16de jaarlikse World Travel-toekennings in Londen bekroon as die luuksste lodge ter wêreld.

Dit volg nadat die lodge vir drie agtereenvolgende jare met die toekenning vir Afrika se luuksste lodge weggestap het.

Die World Travel-toekennings word deur *The Wall Street Journal* bestempel as die Oscars van die toerismebedryf en wenners word deur meer as 40 000 beroepslui in die toerismebedryf genomineer.